**Donderdag 23 Augustus**

| **Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:14-22** | **Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:15** |
|---|---|

# Jou fokus, te midde van stryd en begeertes, is jou arbeid vir God

Wat is die *stryd* waarmee Timoteus, en ook ons, te doen het? Daar is ’n gestryery oor die betekenis van teologiese woorde en filosofiese sake. So word afgedwaal van die kern-inhoud van die evangelie. Die gevolg is, letterlik gesê, katastrofies, want dit verwar gelowi-ges en laat hulle geloof wankel.

Daar is verder ook mense wat die waarheid van die evangelie betwis en verdraai. Daar is die begeertes wat tipies met die jeug geassosieer word. Dit gaan oor meer as net lig-gaamlike begeertes. Dit gaan ook oor eiewysheid, eersug, ongeduld en nuwe dinge buite die evangelie.

In ons lewens, met die gemeente en met die kerkverband, gebeur dit gereeld. Die aan-slag van buite is daar, maar ook van binne ons eie kring.

Die vraag is nou: Hoe moet hierdie dinge van stryd en begeertes hanteer word? Vers 15 antwoord: *Fokus op God en jou arbeid vir God.* Sit alles in om vir God te wys dat jy eerste aan Hóm gehoorsaam is en dat jy sý goedkeuring wil wegdra. Doen jou werk eerlik en opreg vir en voor God. Hou vas aan die waarheid van die Woord, en hou aan om die Woord van die enigste waarheid te onderrig.

Hierdie is die opdrag aan elkeen wat die Woord verkondig, dus aan elke gelowige wat in die wêreld leef en werk. Wanneer jy skool of werk toe gaan, fokus jý maar net op God en jou arbeid vir Hom en saam met Hom. Bied weerstand teen woordestryd en begeertes, deur met die krag van die Heilige Gees te fokus op God en jou arbeid vir Hom. So leef jy as gelowige, as gemeente/huis, tot eer van God.

*Sing: Skrifberyming 14-4:1-4*

*Ds. Joop van Schaik (Randburg)*